SAKE 24 (Burger Kaap)
Tuesday, 1 September 2009, p. 17

Agter die nuus

'Bakkiebrigade' nie maklik gereguleer

Arbeidsiening
Dewald van Rensburg

Die veldtog om arbeidsmakelary te verbied, sal hom onvermydelik vasloop teen die belangrikste punt van kritiek teen die land se arbeidsbestel.

Daar is baie ander maniere om dié bestel te omseil.

Makelary is net die onderent van 'n reeks arbeidsreëlings wat afwyk van 'n toenemend outydse ideaal: 'n permanente pos met pensioen, voordele en, onder die Suid-Afrikaanse wet, 'n groot mate van beskerming teen aflegging.

Makelary, minstens dié deel van die bedryf wat formeel en sigbaar is, verteenwoordig om en by 4% van die land se arbeidsmag.

'n Verdere 26% van die land se werkers bevind hulle in ander soorte van nie-tradisionele werk, waar 'n derde party dikwels tussen die werk en die werker staan.

Dié syfer kom van Capes, die werkgewersorganisasie wat makelaars verteenwoordig.

Dit sluit in subkontraktering wat veel meer as makelary die teiken is van vakbondveldtogte en kritiek uit akademiese geledere.

Dit sluit ook in die omskepping van werknemers in "onafhanklike kontrakteurs" wat in alle opsigte nog vir hul werkgewer werk, maar prakties sonder koste afgelê kan word.

Arbeidsmakelary staan in die Wet op Arbeidsverhoudinge bekend as tydelike indiensnamedienste (TES).

Dit verwys na die verskaffing van werkers sonder om self betrokke te wees by die bestuur van die werkers in die kliënt se diens.

Dit strek van 'n tikster op kort termyn verskaf tot die bakkies vol konstruksiewerkers wat die bedryf simboliseer.

Dit is duidelik dat nóg Cosatu nóg enige van die ander belanghebbendes dié eng definisie in gedagte het.

Om makelary in isolasie te probeer pak, is eintlik absurd, blyk uit 'n navorsingsverslag wat pas daaroor bekend gestel is.

Me. Pamhidzai Bamu, 'n navorser van die Universiteit van Kaapstad se Labour and Enterprise Policy Research Group, medeskrywer van dié verslag, het dit Woensdag aan konstruksievakbonde voorgelê.

'n Verbod is nie onmoontlik nie, maar sal betreklik eng wees, reuse-hulpbronne eis én gepaard móét gaan met 'n plan vir al die ander soorte nie-tradisionele indiensname, sê Bamu.

'n Verbod sou ook feitlik onmiddellik 'n appèl ingevolge die Grondwet veroorsaak, sê sy.

Makelaars sou aandring op hul reg op vryheid van handel en beroep onder art. 22 van die Grondwet.

Om die verbod deur te voer, sal teenstanders van makelary dit dan moet regverdig ingevolge art. 36 van die Grondwet.

Dié artikel laat toe dat ander grondwetlike regte ingekort word ter wille van menswaardigheid, vryheid en gelykheid.

Dit is nie onmoontlik om op dié gronde, veral gelykheid, teen makelary te argumenteer nie, maar daar moet egter ook 'n rasionele grondslag wees. Jy moet kan wys 'n verbod sal die misbruike uitwis wat algemeen aan makelaars toegeskryf word.

Die bestaan van talle ander soorte nie-tradisionele werk maak dit 'n heelwat groter uitdaging omdat die skendings waarvan makelaars beskuldig word net so maklik onder ander reëlings kan geskied.

Talle arbeid-akademici maak ook die laaste jare hul stem dik oor die noodsaak van regulering van nie-tradisionele werk in die geheel – én die futiliteit van 'n verbod.

Bamu en ander navorsers het gewaarsku dat 'n verbod onvermydelik die riskante maatskappye óf ondergronds sal dwing óf sal noop om hul bedrywighede te herskik om meer soos legitieme kontrakteurmaatskappye te lyk.

Die vermoedelike onvermoë van die regering om die arbeidsmark te polisieer, behels ook 'n groot deel van feitlik alle argumente teen 'n verbod.

Dit sal 'n "uitdaging" wees om te wys dat ander uitweë nie sal werk nie, sê Bamu.

Dit is onder meer omdat daar nog nooit daadwerklik probeer is nie.

Maar wat sal regulering behels?

Een vertrekpunt is meer gesamentlike aanspreeklikheid om toe te sien dat daar aan arbeidswetgewing voldoen word tussen die makelaar/kontrakteur en die kliënt.

Die ontluikende konsensus is egter dat 'n statutêre liggaam benodig word waarin die regering, arbeid en makelaars verteenwoordig word met die mag om die "bakkie-brigade" vas te vat.

Indien nie uit kommer vir werkers nie, dan uit kommer vir onregverdige mededinging deur die maatskappye wat koste sny deur lone en voordele te sny.

Capes het inderwaarheid onlangs reeds die inisiatief geneem om 'n reguleringstelsel op die been te bring.

Hy doen dit egter in oorleg met Fedusa, Cosatu se nie-politieke mededinger op die Suid-Afrikaanse arbeidslandskap.

Fedusa het onlangs 'n verstandhouding met Capes bereik waarvolgens hy TES help beskerm en Capes hom in wese help lede werf in die bedryf. Cosatu moet hom, interessant genoeg, nog uitlaat oor dié reëling.

Iets eienaardigs het in die Namibiese hooggeregshof gebeur ...

Daar word dikwels verwys na die situasie in Namibië waar 'n wetswysiging verlede jaar "arbeidshuur" verbied het.

Minder aandag word geskenk aan die feit dat die Namibiese verbod nog nie in werking getree het nie weens 'n interdik van African Personnel Services (APS), 'n groot Suid-Afrikaanse arbeidsmakelaar.

APS het in Desember die Namibiese regering voor die hooggeregshof gedaag, verloor en dadelik geappelleer. Die interdik om die verbod op te skort, bly in werking tot dié appèl-uitspraak kom. Ongelukkig het die Namibiese hof nog nie werklik oor die argumente besin nie.

Sy eienaardige eerste uitspraak het prakties gelui dat die "drieledige arbeidsverhouding" geen grondslag in Namibiese reg het nie omdat dit geen grondslag in die Romeinse reg het nie.

Die Namibiese uitspraak het volgens me. Pamhidzai Bamu, 'n navorser aan die Universiteit van Kaapstad se Labour and Enterprise Policy Research Group, nie net argumente vír makelary geïgnoreer nie, maar ook versuim om ernstige argumente daarteen aan te roer.

Sy sê dit lyk of die hof vooraf besluit het om die verbod te verdedig op morele gronde en dié besluit met swak regsargumente gesteun het.